

**Skriflesing:** Psalm 103**Teks: Psalm 103:5****Sing- Voorsang: Ps. 107:1,3****Tydens erediens: Ps. 105:1,5,6; Ps. 32:4,5; Ps. 103:1,3,6****Psalm 103****Psa 103:1** Van Dawid. Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof.**Psa 103:2** Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.**Psa 103:3** Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees,**Psa 103:4** wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon,**Psa 103:5** wat my die goeie in oorvloed laat geniet, **my die jeugdige krag van die arend skenk.****Psa 103:6** Die Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word.**Psa 103:7** Aan Moses het Hy sy wil bekend gemaak, aan Israel wat Hy van plan was om te doen.**Psa 103:8** Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.**Psa 103:9** Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie.**Psa 103:10** Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregthede nie,**Psa 103:11** want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien.**Psa 103:12** So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.**Psa 103:13** Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.**Psa 103:14** Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.**Psa 103:15** Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan:**Psa 103:16** as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg.**Psa 103:17** Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte,**Psa 103:18** vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom.**Psa 103:19** Die Here het sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal.**Psa 103:20** Loof die Here, magtige engele wat sy opdragte uitvoer, sy bevele gehoorsaam.**Psa 103:21** Loof die Here, alle hemelwesens wat Hom dien en sy wil doen!**Psa 103:22** Almal wat deur Hom geskep is, loof die Here op al die plekke waar Hy heers! Ek wil die Here loof!**Teksverse 1953-Vertl -****Psa 103:5** ... wat jou siel versadig met die goeie, **sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.****Bybel-Direkte vertaling-**... wat so lank ek daar is, my versadig met die goeie, **sodat my jeug homself vernuwe soos 'n arend ...****Skriflesing:** Psalm 103**Teks: Psalm 103:5****Sing- Voorsang: Ps. 107:1,3****Tydens erediens: Ps. 105:1,5,6; Ps. 32:4,5; Ps. 103:1,3,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die groot momente van hierdie gemeente se geskiedenis, is dit opvallend dat die vadere wat voor ons hier gearbei het, dikwels hulle tekswoorde ook uit die Psalmbundel in God se Woord gehaal het. Ek verseker u dis hoegenaamd nie vooraf beplan of enigsins so afgespreek dat ek en prof. Rikus die Woord van die Here vandag presies by dieselfde plek in God se Woord wou oopmaak nie. Ek het hom Dinsdag na sy liturgie gevra en watter skok vir my dat toe ek sy liturgie ontvang ek moes sien, sy teks staan presies in dieselfde deel van God se Woord as my preek wat ek toe al redelik vêr aan gewerk het. In Pretoria al mee begin het. Ons het besluit dis geen toeval nie, sulke dinge lê in alle geval ook in God se hande nie, want ons glo in alle geval niks gebeur toevallig nie ...

Maar laat ons met die geheel van die Psalmbundel nog vêrder terug beweeg as net hierdie week se gebeure ...Toe die stigting van die Gereformeerde Kerk Postmasburg op 14 Julie 1883 op Swartkop, die nuut gekoopte plaas van Bart Viljoen, onder oopgespande bokseile plaasgevind het, toe was die openingswoorde van die voorsitter prof. Jan Lion Cachet ook uit die Psalms - uit Psalm 105: 8-9. *8 Hy (nl. die Here) dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte —9 die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, en sy eed aan Isak..* Die gemeente het toe met 47 belydende lidmate begin ... (onder die 47 het ook getel my oor-oor-oupa-grootjie, ja baie van u se familie se voorgeslagte lê in daardie 47 ... die Viljoens, sovele ander wat dit ook sal kan sê.)

\*\*\*

Dit gaan egter nie om ons of (om hulle, ons voorgeslagte nie), maar om wat die Here toe al belowe het. Nadat Jan Lion Cachet gespreek het en die gemeente as gestigte gemeente verklaar is, het ds. LJ du Plessis by dieselfde geleentheid 'n woord gespreek, opvallend dat hy ook God se Woord by die Psalms oopgemaak het. Sy tekswoorde het toe gekom het Psalm 32 vers 8 - waar die Here sê- *Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.*

\*\*\*

Die kerngedagte wat Psalm 105 ons gee is hoe getrou die Here is. Psalm 105- *Die Here dink vir ewig aan sy verbond*, ja 'n verbond wat die Here ingestel het, wat vir duisende en duisende geslagte kan bestaan. Tot vandag kan ons nie 'n ander verbond bely as die een wat Psalm 105 besing nie. Watter voorreg om met die vastigheid van so 'n verbond te begin, wat vir my 'n nuwe gemeente mag wees maar ek mag begin werk vanuit 'n verbond wat al vir duisende en duisende geslagte aan die werk is. 'n Verbond wat nie kan verander nie, nog minder nie kan verouder nie!

En dan kom Psalm 32 en daar kan pertinent vir die Here gevra word - dat die Here ons raad mag gee, dat die Here se oog op ons sal wees – of soos dit in die Psalm as 'n bevestiging staan as die Here ook vir ons vandag sê: *Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.* Daar kan geen beter raad, ja watter beter oog kan daar wees as die Here se oog, ja wanneer die Here vir jou sê: *Ek wil raad gee, my oog sal op jou wees* -

\*\*\*

Wanneer ons hierdie besondere belofte van die Here ons eie mag maak, watter voorreg om ook Psalm 103 hier vanoggend te lees. Ons blaai dis van Psalm 105 net twee Psalms terug om dan juis by Psalm 103 uit te kom. Daar is sommige verklaarders wat sê Psalm 103 is deel van die top-tien geliefkoosde Psalms in God se Woord. By elke Nagmaalviering is ons laaste woorde, ons laaste gedagtes dit wat uit die Psalm ons aangryp. U het vanoggend alreeds die rykdom van die Psalm kon hoor ... Daar waar die Here onthou ook waarvan sy gemeente gemaak is - Die Here wat in gedagte hou dat ons van stof is ... Saam met hierdie waarheid gryp in die ryke Psalm die beeld van die arend my in besonder aan. Dis met hierdie

beeld waar die Here gevra word, dat my jeug weer homself vernuwe soos 'n arend. Dis alleen iets wat die Here kan doen.

\*\*\*

Tog voor ons by die arend uitkom, laat ons eers by 'n duif uitkom ... Toe ons op 14 Julie van die gemeente in Pretoria afskeid moes neem was dit ook uit die Psalms - Ons het toe Psalm 74 gelees, met die teksverse in vers 19- *Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie ...* daar het Asaf die Here se Kerk met 'n tortelduif vergelyk. 'n Duif wat nou eenmaal nie sterk kloue, 'n sterke snawel het waarmee die duif homself kan verdedig nie. In die sin ook stof ... Niks waarmee die duif uit sy eie natuur sy vyande volkome kan afskrik nie. So gebeur dit ook in die Here se kerk. Uit onself en in die omstandighede waarin ons as kerke dikwels verkeer is ons so dikwels maar net tortelduif ... Spesifiek word daar van die Here gevra- *Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie ...* Die duif wat as bedienaar van God ook in die gemeente moet begin vlieg het niks uit homself om op te roem nie. Niks kragte en vermoëns wat daar uit eie krag en eie vermoëns mee gewerk en verdedig kan word nie, terwyl hier altyd gewerk, God se eer altyd ook hier verdedig en voorop gestel sal moet word. Terwyl hier ook wilde diere sal wees wat die duif bedreig, daarom soos in Pretoria vir die Here gevra is - dieselfde gebed geld vir Postmasburg- *Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie ...*

\*\*\*

Tog wil ek ook as tortelduif, u almal ook in die sin van Psalm 74- tortelduiwe, swakke, verganklike kinders van die Here, gedagtig dat ons stof is - maar ons is in die verbond gebore, dit wat as vaste fondament ons staanplek mag wees. Die teken van die duif is juis dit wat ook op 'n ander manier na ons wil kom. As Noag uit die ark 'n duif vrylaat dan keer die duif terug want 'n holte vir sy voet kon dit nie kry nie, maar as Jesus gedoop word dan gaan sit die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Hom. Die Heilige Gees keer nie weer na die hemel terug nie, want het die Gees 'n rusplek gevind. In Christus het die Gees gebly soos wat die duif daar op Hom gaan sit het. Ja, dieselfde Heilige Gees wat maak dat Hy ook in ons wil bly, die duif op ons as gemeente wil sit, dit wat nie aan die wilde diere oorgegee mag word nie.

Tog maak ons juis uit Psalm 74 'n oorgang na Psalm 103 – vanaf duif na arend ... Dat ons vanuit dieselfde Psalm 103 mag vra - *Gee my weer nuwe krag ...* of om in die woorde van die Psalm dit van die Here te vra- *sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.* Ja, om te mag vra dat daar 'n hernuwing van kragte sal wees ... Die Bybel Direkte Vertaling laat ons juis dit só hoor - *sodat my jeug homself vernuwe soos 'n arend.*

\*\*\*

Die beeld van 'n arend in God se Woord is ryk en kan dit selfs noem verbeeldingryk. Die woord arend wat so 23X in die Bybel na vore kom, daar is beslis ook pragtige toepassings waar dit om die arende gaan. In Palestine waar Moses, maar ook sekerlik Dawid wat Psalm 103 geskrywe het, dikwels arende kon raaksien het hulle ook aangegryp. Moses weet ons het verskeie male na arende verwys, waar seker die bekendste die gedeelte in Eksodus 19 vers 4 staan- *4 Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het.*

En ja het Moses in Deut. 32:10-11 met 'n volk wat al vir baie lank in die woestyn rondgeswerf het, weer sy gesig en sy gedagtes na 'n arend gedraai- dan skryf hy oor hoe die Here dikwels met sy kinders werk is daar 'n arend ter sprake- *10 Hy het hom gevind in 'n woestynland en in 'n woeste wêreld, vol gehuil van die wildernis; Hy het hom omring, op hom ag gegee, hom bewaak soos sy oogappel. 11 Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels—* Dit wat Moses hier skrywe moet ons aangryp. Ons lees die arend wat haar nes opwek wat letterlik beteken sy krap haar nes deurmekaar, sy bring die nes in rep en roer, sy is besig om haar kleintjies uit die nes te skop. Baie sal sê dis mos wreed, dis liefdeloos maar dit is presies waar God se pad met sy kinders raakgesien moet word. Ook wat dikwels in die Kerk gebeur. Hier kom onrus, die nes word deurmekaar gekrap, maar mag ons dit noem *geseënde onrus*, ook as ons onrus belewe, ook in tyd wat mag kom, mag dit *geseënde onrus* wees ...

Hierdie geseënde onrus is waar Moses met die beeld van die arend dit duidelik maak, al verstaan die kleintjie hoegenaamd nie wat nou aan die gang is nie, is dit juis vir die kleintjie lewensbelangrik, ja letterlik lewens-belangrik wat nou hier plaasvind. Sy lewe hang letterlik en figuurlik hiervan af. Die kleintjie moet nou self leer vlieg. Die ma skop haar kleintjie uit die nes uit wat teen baie hoë kranse geleë is, dis dieptes en skerp rotskranse en duiselingwekkende oop afgronde wat onder daardie nes oopgaap wat as die kleintjie uit die nes val en die kleintjie reguit afval dit eintlik maar net sy dood kan beteken. Maar hier kom die verskil, die verskil wat ons voortdurend ook in die gemeente moet raaksien – hierdie is arendsles vir my en die Gereformeerde Kerk Postmasburg in die jare wat mag kom - Dis op die punt wat ons die Here by hierdie arendsles vra – leer my twee dinge as ek moet vlieg- daar moet selfstandig gevlieg kan word, die arendkleintjie moet dit leer, maar laat ons nie vergeet soos daardie arendkleintjie, hoe afhanklik hy van sy ma is as hy teen daardie kranse aftuimel en hy nie regkry om te vlieg nie. Dan vlieg die arendwyfie onder haar kleintjie in, want môre word dieselfde les weer geleer, maar dalk sal dit dan beter gaan – daar sal nuwe krag kom, waar Psalm 103 nie vir die arende geld nie, maar vir ons as mense - *laat my lewe tog weer nuut word, soos die arend ... Skenk my die jeugdige krag van 'n arend,* was ons gelese vertaling.

Hieruit kan ons sekerlik aflei, Dawid was waarskynlik al 'n ouman gewees toe hy Psalm 103 geskryf het, ja waarskynlik baie naby aan die einde van sy lewe. Daar is by hom baie lewenservaring gewees, daar hang oor sy lewe baie skades en ook skandes, maar het hy op die stadium van sy lewe goed besef hoe kosbaar is God se genade nie vir my nie. Hoe wonderlik om hierdie genade weer opnuut te mag beleef. Want as Dawid as ouman vra laat my lewe tog weer nuut word soos die arend, hoe belangrik dat ek, maar ook u as gemeente, ja ons as gemeenskap van gelowiges dit vanuit die gemeente ook weer vir die Here vra- Dat ek die arend-les van Deut. 32 nie sal vergeet nie, ook die tye wat dit voel hier gebeur wrede dinge met ons, 'n wyfie wat haar kleintjie teen die kranse laat aftuimel, maar dis God se manier om my deur hierdie onrus, geseënde onrus op te voed ... ek moet kan vlieg, selfstandig vlieg, maar ook afhanklik vlieg, al is die kranse hoog en diep, skerp, hard en gevaarlik.

\*\*\*

Die Here sal hierdie nes, die kerk waarin ons is, ook dikwels opwek, onrus sal nie uitbly nie, want ons is kerk, wat strydende kerk op aarde sal bly. Tog kan kerkmense ook vriende vir mekaar wees, meer as vriende - naby vriende, broeders en susters vir mekaar, dit moet ons waarlik wees, ons mag dit ook nooit vergeet nie. Weer terug by Dawid, hy wat Psalm 103 geskryf het, hy het 'n jeugvriend, 'n boesemvriend gehad, Jonatan, ja twee broers vir mekaar, nie met bloed aanmekaar gebind nie, maar dit was alreeds 'n band in Christus. Al was Christus nog nie gebore nie, maar 'n band wat Dawid en Jonatan met mekaar kon deel het Christus hulle geskenk. As u dan 2 Samuel 1 vers 23 lees hoor die aangrypende - *23 Saul en Jonatan, geliefde en beminde mense –in lewe en sterwe nie geskei nie. Hulle was vinniger as arende, sterker as leeus.* As ons verhouding met mekaar in die gemeente ook deurlopend so bewoord mag wees – hoe wonderlik sal dit nie wees nie ... *geliefde en beminde mense –in lewe en sterwe nie geskei nie. Hulle was vinniger as arende, sterker as leeus.* Twee beter vriende kon daar seker nie vir mekaar wees as juis Dawid en Jonatan nie. In hulle lewe en in hulle dood staan dit, wil hulle nie geskeie wees nie.

\*\*\*

Ons moet ons verhoudinge onder mekaar koester, waardeer, beskerm. Wees vinnig soos 'n arend, sterk soos 'n leeu as kerklike verhoudinge bedreig word. Van Dawid en Jonatan word gesê - *Hulle was vinniger as arende, sterker as leeus.* Soos 'n arend vinnig moet wees, kan hy dit alleen wees as hy ook sterk is. So wil ons ons verhoudinge in die gemeente koester deur na mekaar se belange om te sien, mekaar werklik in baie opsigte soos Dawid en Jonatan na mekaar laat uitreik. In Christus deur sy Heilige Gees is dit moontlik. Laat ek dit nog sterker stel - dis alleen in die Gees deur Christus moontlik.

In God se wysheid en krag kan dit van die Here gevra word, om vinnig te wees en sterk te wees ... *vinniger as arende, sterker as leeus* ... en doen ek iets verkeerd, want dit sal gebeur, mag ons nog iets van die arend oorhou. In Spreuke 30 lees ons die woorde van Agur- weer terug by die arend, al sien ek die

83'Vertl maak in die geval die arend 'n aasvoël, tog die nuutste Bybel Direkte vertaling waaraan tans hard gewerk word, maak dit weer 'n arend. Ons lees in die nuutste Vertaling die woorde van Agur- 18. *Drie dinge is vir my te wonderlik, ja, vier kan ek nie begryp nie, die weg van die arend in die lug, die weg van 'n slang oor 'n rots, die weg van 'n skip op die oop see en die weg van 'n man by 'n jongmeisie.*

As Agur sê 'n arend in die lug is wonderlik, 'n skip in die hart van die see is wonderlik, 'n slang wat oor 'n rots kan seil is wonderlik, ja hoe die liefde tussen jongmense werk is wonderlik, dan is die groot vraag wat maak dit nou eintlik wonderlik. Daar kan seker baie ander wonderlike dinge genoem word, maar by die arend, by die slang, by die skip moet jongmense, maar ook ons as gemeente in ons liefde tot mekaar dit raaksien. Niks van hierdie dinge wat ons noem, los spore wat ander kan uitbyt nie, al maak ons foute en baie keer growwe foute. As die arend verbygevlieg het, daar is nie 'n spoor wat ek kan naspur en sê presies hierlangs het die arend gevlieg nie, of as die slang op rots verby seil, dan is dit verby, daar is nie 'n spoor op die rots agtergelaat nie, ook as die skip die water van die see oopklief, as daardie water terugvou, dan is dit verby, die water is weer asof daar geen skip daarvoor gevaar het nie ...

As ons vra dat die Here ons nuwe krag skenk, ja dat God se krag in ons herbore sal word, dat my jeug vernuwe sal word, mag ons foute, selfs ons verskriklikste sondes, ook gesien word as dit wat verby is, vergewe kan word, in Christus dood gegee. So min soos die arend in die lug en die slang oor die rots en die skip in die hart van die see, letsels wil laat, so mag ons spore en werking na mekaar en op mekaar nie letsels laat nie. Permanente spore laat nie ... En as daar sonde-spore is, dit sal kom - laat dit wees, wonderbaarlik in Christus uitgegee, want dit maak die arend en die slang en die skip dit wat Agur laat sê – hy kan hulle bewegings nie begryp nie, maar dis vir hom wonderlik.

Geliefdes ek sluit af – waar ons vandag van twee kante Psalm 103 gelees het, wel uit verskillende vertalings wat die ryke skat van Afrikaanse vertalings ons bied, is dit vir my die begin om amptelik vir u hier bedienaar van die Goddelike Woord en van sy koninkryk alhier te wil wees. Hy wat in alle tale tot sy kinders spreek, kinders uit alle volke, lande, tale en nasies en daar lê vir ons drie, nee vier dinge duidelik en openhartig oopgemaak. Ons is van stof gemaak, die Here sal dit in gedagte hou. Ons mag die Here bly vra- gee die siel van u tortelduif nie aan die wilde diere oor nie – ons mag selfs nog meer vra – maak hierdie tortelduif 'n arend, maar maak dit 'n arend wat weer smag na nuwe krag ... *sodat my jeug homself vernuwe soos 'n arend ...*

En met hierdie nuwe krag van 'n jong arend, al is ons dalk nie meer so jonk nie, gebeur die wonderlike soos tussen Dawid en Jonatan, gebeur selfs dit wat Agur verstom gelaat het, hoe daar beweeg kan word

sonder om verkeerde spore agter te laat, hoe daar werklik in Christus sonde-spore dood gegee kan word, terwyl ons mag lewe, selfs nuut mag lewe om hier 'n nuwe begin te maak. ...*sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.* Soos die regsgeleerde Jesaja geskrywe het, is my amen vandag Jesaja 40:30-31- *30 Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; 31 maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.*

AMEN